**Woensdag 15 Julie**
**Skrifgedeelte: Josua 6:1-27**
**Fokusgedeelte: Josua 6:15, 16**
**Laat ons geduldig wag**

Die volk is eindelik in die beloofde land. Die tyd is ryp om die verbondsbeloftes van die HERE in ontvangs te neem. Hier staan Josua en die volk in die gelese hoofstuk by Jerigo met sy magtige mure en ondeurdringbare poorte.

Dan ontvang hulle ’n merkwaardige opdrag van die Here. Ons moet raaksien dat hierdie opdrag geen militêre strategie behels nie. Dis ’n oproep tot geloof. Dis ’n oproep om geduldig op die Here te vertrou wat self die stryd voer. Die sewe ramshorings of basuine wat voortdurend geblaas moes word het daarop gewys dat die Here in aantog is. Die volk moes vir sewe dae geduldig om die stad trek en op die sewende dag met groot geduld sewe keer om die stad trek. Dis toe dat die Here self die mure van Jerigo laat inval en die oorwinning aan sy volk gegee het.

In hierdie geskiedenis kry ons ook ’n heenwysing na Christus se wederkoms. Indien ons ons geloofsore spits, sal ons die basuine van Christus se wederkoms in hierdie gebroke wêreld hoor. Die Here is lankmoedig en Hy wil hê dat al sy uitverkorenes versamel moet word. Daarom moet ons geduldig wag op ons Here se wederkoms. Ons kan dit slegs deur die geloof doen. Dis slegs deur die geloof dat ons geduldig kan lewe en ons roeping nie versaak nie. Dis slegs deur die geloof dat ons geduldig kan wag terwyl ons weet ons is erfgename van die nuwe hemel en aarde.

Christus het die beloofde land van die ewigheid vir ons verdien deur sy verskriklike dood aan die vloekhout van Golgota. Hy het dit deur sy opstanding uit die dood gewaarborg. Deur die krag van die Heilige Gees het ons deelgekry aan hierdie beloftes. Laat ons geduldig ons roeping volvoer en in die geloof volhard, terwyl ons weet dat ons Bruidegom ook op hierdie dag in aantog is.

*Sing: Psalm 96-1:1, 8*
*Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)*